LAERSKOOL RASLOUW

'n Indicato-skool in Verwoerdburg

Telefoon (012) 653 6127
Faks 0866 900 655
Posbus 16985, LYTTELTON, 0140
admin@raslouwskool.co.za

H/v Theuns van Niekerk- en Estcourtlaan
Wierdapark
VERWOERDBURG

GRONDSLAG EN BEGINSELS

GRONDSLAG

1. *Laerskool Raslouw* ("die skool") bely dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is en dat dit die volledige kennis en wysheid vir ons lewe bevat.

2. Die skool bely die Woord van God volgens die Drie Formuliere van Eenheid, te wete die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

3. Die skool bely dat God alles in ses dae geskape het, en verklaar die wetenskap vanuit hierdie kennis wat uit die Bybel verkry word.

MILIEU

4. Die skool bestaan om Christen-Afrikanerkinders van skoolonderrig te voorsien, en laat dus kinders toe wat sinvol skolasties onderrig kan word in 'n milieu wat gereformeerd, calvinisties en Afrikaans is.

5. Die skool is gebind aan die Gelofte van 1838.

6. Die skool se bedryfs- en onderrigtaal is Afrikaans.

ONDERWYS EN OPVOEDING

7. Vakonderrig met formele toetsing en eksaminering word toegepas.
8. Die ouer is die primêre opvoeder: die onderwyser is ten eerste daar om leerlinge kennis en vaardighede te leer, maar is vir opvoeding verantwoordelik en moet dissipline toepas om die skool se ordelike voortgang en goeie sedes en openbare optrede te verseker.

9. Eenvormige, voorgeskrewe kleredrag en voorkomsreëls word vir leerlinge toegepas.

10. Die skool verskaf die geleentheid om kinders toe te rus om te bewerk en te bewaak.